

MANCOZEB 800 WP

Reg. No.: L7352 Act /Wet No. 36 of/van 1947

An organo-metallic wettable powder fungicide for the prevention and control of a number of fungus diseases on various crops as indicated.

'n Organometaalverbinding benatbare poeier swamdoder vir die voorkoming en beheer van 'n aantal swamsiektes op verskeie gewasse soos aangedui.

FRAC FUNGICIDE GROUP CODE:	M3	FRAC SWAMDODERGROEP KODE:
----------------------------	----	---------------------------

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:

Mancozeb/Mankoseb.....800 g/kg
[dithiocarbamate/ditiokarbamaat]

Registered by/Geregistreer deur:

Volcano Agroscience (Pty) Ltd./(Edms) Bpk

Co. Reg No./Nr. 2000/004551/07

Distributed By/Versprei deur:

Arysta LifeScience South Africa (Pty) Ltd

Co. Reg No./Nr 2009/019713/07

7 Sunbury Office Park, Off Douglas Saunders Drive, La Lucia Ridge, South Africa, 4019

Tel: 031 514 5600

Contents/Inhoud

Batch No. / Lot Nr.:	
Date of manufacture: / Datum van vervaardiging:	

U.N. No. 3077



READ THE LABEL IN DETAIL BEFORE OPENING THE CONTAINER. / LEES DIE ETIKET VOLLEDIG VOORDAT DIE HOUER OOPGEMAAK WORD.

For full particulars, see enclosed leaflet. / Vir volledige besonderhede, sien ingeslote pamflet.

MANCOZEB 800 WP

Reg. No.: L7352 Act/Wet No. 36 of/van 1947

An organo-metallic wettable powder fungicide for the prevention and control of a number of fungus diseases on various crops as indicated 'n Organiese benatbare poeier swamdoder vir die voorkoming en beheer van 'n aantal swamsiektes op verskeie gewasse soos aangedui.

FRAC FUNGICIDE GROUP CODE / FRAC SWAMDODER GROEP KODE: M

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:

Mancozeb/Mankoseb.....800 g/kg
[dithiocarbamate/ditiokarbamaat]

Registered by/Geregistreer deur:

Volcano Agrosience (Pty) Ltd. (Edms) Bpk

Co. Reg No./Nr. 2000/004551/07

Distributed By/Versprei deur:

Arysta LifeScience South Africa (Pty) Ltd

Co. Reg No./Nr 2009/019713/07

7 Sunbury Office Park, Off Douglas Saunders Drive,

La Lucia Ridge, South Africa, 4019

Tel: 031 514 5600

CAUTION / VERSIGTIG

WAARSKUWINGS:

Vir die gebruik van **MANCOZEB 800 WP** op oes-en voergewasse moet die volgende wagperiodes toegepas word:

Tafeldruiwe.....	4 to 6 weke
Grondboonhooi wat vir veevoer gebruik word.....	21 dae
Tamaties, bone, ertjies, aartappels, kool-en pampoengewasse.....	3 dae
Perskes en appelkose.....	28 dae
Alle ander eetbare gewasse.....	14 dae

DIE AANBEVOLE ONTHOUDINGPERIODE TUSSEN DIE LAASTE TOEDIENING EN OES VOLDOEN AAN DIE VEREISTES VIR PLAASLIKE RESIDUVLAKKE, MAAR MAG DALK NIE VOLDOEN AAN DIE VEREISTES VIR UITVOER NIE.

- **MANCOZEB 800 WP** moenie op tabaksaailinge gebruik word nie.
- Moet nie behandelde gebied binne 1 dag na toediening betree nie tensy beskermde klere gedra word.
- Indien die middel toegelaat word om, om die beurt, klam en dan warm te word, mag dit ontvlambare dampe vrystel en moet dit dus weggehou word van vonke en oop vlamme.
- Mag irritasie van die vel, oë en lugweë veroorsaak.
- Hou die houer dig toe wanneer dit nie in gebruik nie.
- Hou buite bereik van kinders en diere.
- Berg weg van voedsel en voer, in 'n koel droë plek.
- **Lugtoediening:**
 - Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.
 - Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit of die spuitstof toelaat om dit te besoedel nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats - en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag of siekte teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing, of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Voorkom aanraking met die vel, oë en klere sowel as inaseming van die stof of spuitnewel.
- Was deeglik met seep en water na toevallige velkontak.
- Was besoedelde klere.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Houers en verpakings moet heeltemal leeggemaak word voordat hulle vernietig word.
- Skud die houer deeglik uit in die mengbak of spuittenk voordat leë houer vernietig word.
- Vernietig leë houer deur gate daarin te maak en plat te druk.
- Moet vir geen ander doel gebruik word nie.
- Voorkom besoedeling van ander gewasse, weiding, riviëre en damme.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

MANCOZEB 800 WP is 'n groepkode **M3** swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **MANCOZEB 800 WP** of enige ander groepkode **M3** swamdoder het. Indien hierdie swamdoder herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swam populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **MANCOZEB 800 WP** of enige ander groepkode **M3** swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdodergroep kodes,
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swambeheer programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: gebruik slegs soos aangedui.

VERENIGBAARHEID:

MANCOZEB 800 WP kan met die meeste swamdoders en insekmiddels gemeng word, maar moenie met alkaliese middels bv. Kalkswael en Bordeaux mengsels gebruik word nie.

Moenie **MANCOZEB 800 WP** saam met Kalsiumarsenaat of Ureum op sitrus gebruik nie.

MENGINSTRUKSIES:

Meng die aanbevole hoeveelheid met 'n bietjie water totdat 'n dik room vorm. Voeg by die res van die water in spuittenk en roer deeglik.

Wanneer saam met emulgeerbare konsentraten gebruik word, is dit noodsaaklik om die **MANCOZEB 800 WP** met 'n bietjie water te vermeng tot 'n dik room alvorens dit by die water in die spuittenk gevoeg word. Die spuittenk moet dan verder met water gevul word en die inhoud goed geroer word voordat die emulgeerbare konsentraat bygevoeg word.

Die spuitmengsel moet voortdurend geroer word tydens toediening.

TOEDIENINGSAANWYSINGS:

Nota: Behandlings met **MANCOZEB 800 WP** moet voor sprinkelbesproeiing geskied.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS: Vroeë- en laatroes	1 kg/ 100 l water	Lae volume bespuiting (200 tot 300 l spuitmengsel/ha)

<i>Fusarium</i> droë verrotting en Gewone Skurfsiekte.	200 tot 300 g/100 l water 2 tot 3 kg/ha	Hoë volume bespuiting (1000 l spuilmengsel/ha) Lugtoediening alleenlik. Dien toe in 30 l □water/ha. In alle gevalle moet toediening begin sodra die plante ongeveer 15cm hoog is, of as roes ‘n bedreiging inhou. Herhaal met 7 tot 10 dae tussenposes en na reën. Slegs vir saadaartappels. Behandelde aartappels nie vir gebruik as voedsel nie. Doop die hele of gesnyde aartappelmoere in die doop -mengsel. Plaas die behandelde moere in ‘n siektevrye houer of berg in massa onder koel temperatuur en hoë vogtigheidstoestande. Verander die doopmengsel dikwels veral as die aartappels ‘n laag grond het.
	300 g/100 l water	

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
TAMATIES: Vroeë- en laatroes en <i>Septoria</i> Blaarvlek.	200 g/100 ℓ water	Gebruik 500 ℓ spuitmengsel/ha kort na verplanting en vermeerder die volume spuitmengsel na 3000 ℓ/ha na gelang die plante groter word. NOTA: MANCOZEB 800 WP kan ook op tamatiesaailinge gebruik word.
GRONDBONE: <i>Cercospora</i> blaarvlek	Droëland: 400 g/100 ℓ water Besproeiingslande: 300 g/100 ℓ water	Gebruik 400 tot 500 ℓ spuitmengsel /ha. Begin spuit met die eerste tekens van die siekte wat by die basis van die plante verskyn en dien vyf bespuitings met tussenposes van 14 dae toe. Gebruik 1000 ℓ spuitmengsel/ha. Begin spuit met die eerste tekens van die siekte wat by die basis van die plant verskyn en dien 5 bespuitings met tussenposes van 14 dae toe.
MANGO'S: Antraknose	200 g/ 100 ℓ water	Dien die eerste bespuiting toe wanneer die panikula verskyn, maar voor die bloeisels oopgaan. Dien die tweede bespuiting toe met vrugset en herhaal daarna met tussenposes van 14 tot 21 dae.
PIESANGS: Sigatokasiekte	2,5 kg/100 ℓ water plus 4 tot 5 l ligte/medium minerale olie.	Wend aan as 'n lae volume toediening. Eerste bespuiting aan die einde van November en herhaal elke 26 dae tot na die reënseisoen.
SITRUS: Swartvlek en Melanose Sitrusroesmyt Bruinverrotting Nekrostoma	a) 200 g/100 ℓ water b) 200 g/100 ℓ water vir die eerste twee bespuitings, dan 150g/100 ℓ water plus 600 mℓ ligte/medium minerale olie vir die latere 2 tot 3 bespuitings. 75 g/100 ℓ water 200 g/ 100 ℓ water 200 g/100 ℓ water	Wanneer reënval in Julie tot September normaal is, spuit gedurende die derde week in Oktober en herhaal drie keer met tussenposes van 25 dae. Of Wanneer reënval bo normaal is in Julie tot September, spuit na volle blomblaarval en herhaal 4 keer met tussenposes van 25 dae. Dien bespuiting in die lente toe. 'n MANCOZEB 800 WP program teen swartvlek sal ook roesmyt beheer. Dien toe 3 weke voor oestyd op alle vrugte tot 1 meter hoogte bo die grondoppervlak onder die boom. Behandel ook stam en grond onder die boom. Dien toe as 'n dekbespuiting gedurende die begin van Desember en herhaal gedurende begin Januarie. Met hoë besmettingsdruk sal simptome slegs onderdruk word.

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
PERSKES, APPELKOSE EN PRUIE: Bruinroes	HV: 150 g/100 ℓ water (2,25 to 4,5 kg/ha) LV: 1,8 tot 3,6 kg/ha in ¼ tot 1/8 van hoë volume spuitmengsel/ha.	Winterreënvalstreek: Begin toedienings vroeg in November. Somerreënvalstreek: Dien vanaf middel-Februarie toe. Herhaal met tussenposes van 10 tot 14 dae indien nodig. 1) Herfs: Net na oes.

Gomvlek APPELKOSE EN PERSKES: Sproetsiekte	HV: 150 g/100 l water (1,8 tot 3,75 kg/ha) LV: 1,25 tot 3,0 kg/ha.	2) Herfs: 75% blaarval 3) Lente: Koperbespuiting as bome begin bot. 4) Lente: 80% blaarval 5) & 6): Twee verdere toedienings met tussenposes van 14 dae indien nodig. Vir pruime begin spuit vanaf middel-Desember en dien twee bespuitings toe met tussenposes van 10 dae. Winterreënvalstreek: Dien toe vanaf 75 tot 100% blomblaarval en herhaal 14 dae later. Gedurende nat seisoene herhaal toedienings maandeliks op laat varieteite. Somerreënvalstreek: Eerste toediening drie weke na blomblaarval en weer 14 dae later. Gedurende nat seisoene herhaal toedienings maandeliks op laat varieteite. NOTA: Moenie meer as ses bespuitings gedurende die tyd van vrugdrag toedien nie.
	HV: 150 g/100 l water (2,25 tot 3,75 kg/ha) LV: 1,8 tot 3,0 kg/ha.	
KOEJAWELS: Knopvelsiekte en Blomendverrotting	200 g/100 l water	Volle dekbespuiting in die vroeë stadiums, totdat die vrugte begin swel. Dien toe met 30 dae intervalle vir beskerming teen knopvelsiekte. Volle dek-bespuiting 14 dae voor oes wanneer baie nat weer ondervind word vir beskerming teen blomendverrotting.
YOUNGBERRIES EN BOYSENBERRIES: Donsige skimmel en Antraknose	1 tot 4 kg/ha	Begin met die eerste tekens van die siekte en herhaal elke 7 tot 10 dae. In die geval van Antraknose bespuit sodra die eerste blomme verskyn. Dosis hang af van plantdigtheid en grootte. Gebruik voldoende water om deeglike benatting te verseker.
PAMPOENGWASSE: Antraknose en Donsige skimmel	200 g/100 l water	Begin met die eerste tekens van die siekte. Maak seker dat die onderste blaaroppervlakke deeglik benat word. Gebruik 1000 tot 1500 l spuitmengsel/ha.
BOONTJIES: Bruinroes en Antraknose	1 tot 4 kg/ha	Begin met die eerste tekens van die siekte en herhaal elke 7 tot 10 dae. In die geval van Antraknose bespuit sodra die eerste blomme verskyn. Dosis hang af van plantdigtheid en grootte. Gebruik voldoende water om deeglike benatting te verseker. Vir lugtoediening gebruik in 30 l water/ha.
ERTJIES: Donsige skimmel	1 tot 4 kg/ha	Begin met die eerste tekens van die siekte en herhaal elke 7 tot 10 dae. Dosis hang af van plantdigtheid en grootte. Gebruik voldoende water om deeglike benatting te verseker. Vir lugtoediening gebruik in 30 l water/ha.

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
UIE: Donsige skimmel	1 tot 4 kg/ha	Begin bespuiting wanneer plante 4 tot 6 blare het of wanneer siekte dreig en herhaal elke 7 tot 10 dae. Voeg benatter/kleefmiddel by die spuitmengsel. Dosis hang af van plantdigtheid en grootte. Gebruik voldoende water om deeglike benatting te verseker.

OLYWE: Antraknose	200 g/100 l water	Eerste toediening in herfs voordat verkleuring van vrugte begin. Herhaal 2 tot 3 keer met maandelikse intervalle.
KOOLGEWASSE: Donsige skimmel	1 tot 4 kg/ha	Begin bespuiting wanneer plante 4 tot 6 blare het of wanneer siekte dreig en herhaal elke 7 tot 10 dae. Voeg benatter/kleefmiddel by die spuitmengsel. Spuit saadbeddings elke 3 tot 5 dae. Dosis hang af van plantdigtheid en grootte. Gebruik voldoende water om deeglike benatting te verseker.
SIERPLANTE: Donsige skimmel, Antraknose en Roessiektes	150 tot 200 g/100 l water en 25ml AGROWETT (Reg No. L3318) per 100 l spuitmengsel of 1 ml per 5 l.	Wend aan met die eerste tekens van die siektes en herhaal na 7 tot 10 dae. Dosis hang af van graad van infeksie. Verseker dat die plante deeglik benat word.
APPELS EN PERE: Skurfsiekte en <i>Septoria</i> Blaarvlek	150 g/100 l water (3 tot 5,25 kg/ha) Slegs hoë volume bespuiting. (2000 tot 3000 l spuitmengsel/ha)	Kan beide as voor- en na-blom bespuitings toegedien word. Voor-blom: Dien 3 maal toe, met die eerste bespuiting wanneer die bome die groenpuntstadium bereik en die laaste bespuiting net voor blom. Na-blom: Spuit onmiddellik na blom en herhaal 4 tot 6 keer met tussenposes van 7 tot 14 dae. Gebruik die laer spuitvolume vir die voorblom en eerste 1 of 2 na-blom bespuitings en die hoër spuitvolume vir die daaropvolgende bespuitings.
KWEPERS: Swartvlek	125 g/100 l water	Eerste toediening by groenpuntstadium. Herhaal 6 tot 10 dae later. Spuit met 10 tot 14 dae intervalle vanaf 75% blomblaarval.
WINGERDE: Donsige skimmel (<i>Plasmopara viticola</i>) Streepvleksiekte (<i>Phomopsis viticola</i>)	Voor-blomtyd: 200 g/100 l water of 1 tot 1,5 kg/ha Blomtyd tot 80% kappiesval: 200 g/100 l water of 1,5 tot 2 kg/ha. Na-blomtyd: 200 g/100 l water of 2 tot 3 kg/ha. 200 g/100 l water of 1 tot 1,5 kg/ha.	Dien die eerste bespuiting toe wanneer die jong lote 'n lengte van 10cm bereik het. Verdere bespuitings afhangende van weerstoestande, moet met tussenposes van 7 tot 10 dae toegedien word. Gedurende hierdie periode moet 500 tot 750 l (hoë volume) spuitmengsel per ha gebruik word. Toedienings alleen nodig as die blomperiode langer as 14 dae is. Dien 750 tot 1000 l spuitmengsel per ha. Dien nog twee verdere behandelings toe met tussenposes van 7 tot 14 dae afhangende van weerstoestande, met 1000 tot 1500 l spuitmengsel/ha. Dien die eerste bespuiting toe wanneer die lote 'n lengte van 0,5 tot 1cm bereik. Dien 3 maal toe met tussenposes van 7 tot 10 dae voor blomtyd. Gebruik 500 tot 700 l spuitmengsel/ha (hoë volume.)
PAPAJAS: Swartspikkel	2 kg/ha	Dien toe vanaf blomstadium met tussenposes van 28 dae. Onder toestande van hoë infeksiedruk verkort tussenposes tot 14 dae.

		Vir lae volume toedienings (25 tot 40 l spuitmengsel/ ha) voeg minerale olie (ligte smal fraksie) by teen 16 l per 100 l spuitmengsel.
--	--	--